

HOOFSTUK IV.DIE TYDPERK VAN KONSOLIDASIE VAN DIE C.N.O.-AKSIE,1914 - 19181. Die inrigting vanaf 1914 - 1918.(a) Inleiding.

Toe die Normaalskool in Januarie 1914 met sy werksaamhede begin, is 'n langgekoesterde ideaal vervul en is daar in 'n diepgevoelde behoefte voorsien. Dis opvallend dat, in dieselfde maand van sy begin, dr. P.C. Snyman gepromoveerd uit Nederland terugkeer nadat hy in Desember 1911 daarheen vertrek het. Dit moes vir hom oorsaak van groot blydskap gewees het om te weet dat tydens sy afwesigheid sy medestryders vir C.N.O. nie in hulle stryd verflou het nie.

Die eerste tydperk van die bestaan van die skool tot 1914 was die tydperk van stigting en uitbreiding. Die tydperk wat met die jaar 1914 'n aanvang neem, kan genoem word die jare van konsolidasie van wat bereik is. Gedurende die eerste vier jaar wat ons in hierdie hoofstuk in oënskou wil neem, het die drie afdelings van die skool, t.w. laerskool, sekondêre afdeling en Normaal as een inrigting onder dieselfde hoof gestaan.

(b) Beheer.

Die primêre afdeling van die skool was nog steeds onder die beheer van 'n skoolkommissie van sewe lede gekies deur die belanghebbendes. Soos reeds in 1906 besluit was die Gereformeerde gemeente van Steynsburg die belanghebbende, en is ses lede gekies om saam met die leraar van die gemeente die skoolkommissie te vorm.¹⁾

Op 13 November 1907 vergader die Gereformeerde predikante van Kaapland in opdrag van die Algemene Vergadering van Februarie 1907 saam met predikante van die Oranje-Vrystaat in verband met die stigting van die die Gimnasium te Steynsburg.

/Op.....110

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 20/7/06, art. 27.

Op hierdie vergadering word 'n Sub-Kommissie benoem, "bestaan-
de uit di. P.C. Snyman, J.G.H. van der Walt en D. Postma om
verder te handel i.v.m. die beoogde skool.¹⁾ Hierdie Sub-
kommissie, wat bestaan het uit die Gereformeerde predikante
van Burgersdorp, Steynsburg en Middelburg het dan ook die
beherende liggaam van die Gimnasium geword. Die skool het
dus vanaf die stigting van die Gimnasium in Januarie 1909
twee besturende liggame gehad; nl. die skoolkommissie van
die laer afdeling en die Sub-Kommissie van die Algemene Ver-
gadering wat die beheer oor die hoër afdeling gehad het.

Toe die Normaal aan die begin van 1914 tot stand
gekom het, is die beherende liggaam van dié inrigting deur
die ordonnansie vasgelê. Ingevolge „Sectie 7" van die or-
donnansie waaronder die subsidie aan die Normaal toegestaan
is, moes een-derde van die kommissie wat beheer sou hê oor
die inrigting deur die Administrateur benoem word, en „heeft
Z. Ed. ds. D. Postma als Govt's nominee benoemd,"²⁾ terwyl
die ander twee lede die predikante van Steynsburg en Middel-
burg sou wees. Dieselfde Sub-Kommissie wat beheer oor die
Gereformeerde Gimnasium gehad het, dien dus ook as beherende
liggaam van die Normaal. Die sekondêre afdeling van die
skool tesame met die Normaal is dus vanaf 1914 as 'n eenheid
behandel onder beheer van die Sub-Kommissie van die Algemene
Vergadering.

Tydens sy afwesigheid met studieverlof na Neder-
land vanaf Desember 1911 tot Januarie 1914, is ds. Snyman se
plek op die Sub-Kommissie deur H.C. van Rooy gevul, dog met
die terugkeer van dr. Snyman „heeft hy zijn ontslag aange-
vraagd." ³⁾ Dr. Snyman het in 1914 weer sy plek op die
kommissie ingeneem „en de hoop word uitgedrukt dat hy nog
tot grote zegen voor onze kerk mag zijn." ⁴⁾

/Dit.....lll

-
- 1) Notule van die Sub-Kommissie gehou te Steynsburg,
13/11/07, art. 8.
 - 2) Notule van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie,
in sitting te Molteno, Maart 1914, Bylaag D.
 - 3) Ibid, H.C. van Rooy was die vader van wyle prof. Joon
van Rooy.
 - 4) Ibid.

Dit was dr. Snyman nie lank gegun om op die kommissie te dien nie. In Mei 1915 is hy oorlede, en as die kommissie in November te Steynsburg vergader, word te boek gestel „die innige waardering van die onmisbare dienste van dr. P.C. Snyman, die wij nu missen zullen, wegens zijn betreunde afsterven." 1) In 1916 word ds. C.J.H. de Wet as predikant van Steynsburg op die Sub-Kommissie verwelkom, en saam met di. Postma en Van der Walt sou hy vir die volgende aantal jare die belange van die skool behartig. 2) Ds. D. Postma was vir baie jare die sekretaris van die Sub-Kommissie.

(c) Die personeel, kwekelinge en leerlinge.

H.J.J. van der Walt, hoof van die Gimnasium, word in 1914 hoof van die hele skool, met J.H. Aucamp as assistent. Die Normaal neem 'n aanvang met 31 kwekelinge van wie 4 uit Transvaal en 3 uit die Oranje-Vrystaat is, dus net een meer as die minimum van 30 vereis vir die verkryging van subsidie vir die tweede onderwyser. 3) Maar die stigting van die Normaal het ook teleurstelling gebring, want die Sub-Kommissie rapporteer aan die Algemene Vergadering „ten gevolge van onderhandelinge met die Regering moesten wij voorlopig afzien van de Matriek klas, doch hopen wij spoedig weer 'n begin daarmee te zullen maken." 4)

In 1915 is die getal kwekelinge 35. En as dit lyk asof dinge nou net mooi voorspoedig wil gaan, kom daar weer teleurstelling van die kant van die Provinsiale Administrasie wat tog die indruk skep as sou die owerheid wou probeer om die werk en groei van die Normaal te Steynsburg te dwarsboom. In sy verslag aan die Algemene Vergadering

/kondig...112

-
- 1) Notule van die Sub-Kommissie, 16/11/15, art. 7.
 - 2) Ibid, 23/5/16, art. 7.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, in sitting te Molteno, Maart 1914, Bylaag B.
 - 4) Ibid.

kondig die Sub-Kommissie aan dat „die regering weier toelae te gee aan leerlinge uit ander provinsies, al is hulle gewillig hulle te verbind 2 jaar in Kaap Kolonie onderwys te gee." 1)

Volgens die jaarlikse verslae van die Sub-Kommissie aan die Algemene Vergadering blyk dit dat die getal kwekelinge tot 1918 taamlik konstant gebly het. In 1916 was daar 38²⁾ en in beide 1917³⁾ en 1918⁴⁾ 33. Gedurende die tweede helfte van 1916 was die hoof, H.J.J. van der Walt, afwesig met verlof terwyl hy deur die Departement van Onderwys gebruik is as eksaminator „in verband met die Hollandse Taal Certifikaat." 5) In sy afwesigheid het J.C. Coetzee waargeneem as hoof. 6)

Die matriekklas wat aan die begin van 1914 noodgedwonge gesluit moes word, is weer in Julie van dieselfde jaar herstel. 7) As die getalle van die matriekklas in aanmerking geneem word, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat daar ook in hierdie afdeling van die inrigting vooruitgang te bespeur is. In 1915 was daar 11 leerlinge in matriek, in 1916 14 en in 1917 het hulle 17 getel. 8) In alle gevalle was dit die Junior- en Seniorklasse saam. Hierdie afdeling van die skool het swaar finansiële eise aan die Gereformeerde Kerk gestel, omdat dit wel as deel van die Normaal beskou is, maar geheel deur die kerk bekostig moes word, aangesien die subsidie van die Provinsiale Administrasie uitsluitlik vir die Normaal bedoel was.

Omdat die matrikulasie nie 'n vereiste vir oplei-

/ding....113

-
- 1) Notule van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, in sitting te Venterstad, Maart 1915, Bylaag A.
 - 2) Ibid, Februarie 1916, Bylaag C.
 - 3) Ibid, Februarie 1917, Bylaag C.
 - 4) Notule van die Sub-Kommissie, 5/4/18, art. 6.
 - 5) Ibid, 23/5/16, art. 7.
 - 6) Ibid, J.C. Coetzee as die huidige Rektor van die P.U. vir C.H.O.
 - 7) Notule van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, in sitting te Venterstad, Maart 1915, Bylaag A.
 - 8) Hierdie informasie is verkry uit die verslae van die Sub-Kommissie wat in die betrokke jare aan die Algemene Vergaderings voorgelê is.

ding as onderwyser(es) was nie, is daar maar gedurig gevoel dat hierdie klas in die skool nie lewensbelangrik was nie. Dit was wel die geval dat leerlinge wat volgehou het en in die matrikulasie-eksamen geslaag het, nie meer belang gestel het in verdere opleiding aan die Normaal nie. In 1917 is daar dan ook weer sprake om hierdie klas af te skaf. In sy verslag aan die Algemene Vergadering te Aliwal-Noord, in Februarie 1917, doen die Sub-Kommissie die volgende verrassende aanbeveling :

„Om ons onderwys op meer praktiese wyse in te rig en ook met die oog op die Arme Blanke kwestie beveel ons die Algemene Vergadering aan om van volgende jaar af die matriek klas af te skaf en met die Departement van onderwys te korrespondeer om op Steynsburg 'n Industriële Skool in belang van die kinders van ons kerk op te rig." 1)

Die Algemene Vergadering het hom egter teen hierdie aanbeveling verklaar. 2)

Die onderwys wat gegee is in die Gereformeerde Gimnasium het gestrek tot die Juniorsertifikaat van die Kaap die Goeie Hoop, terwyl die primêre afdeling van die Gimnasium ook gedien het as oefenskool vir die Normaal. 3) Ook die getalle van die Gimnasium, d.w.s. tot st.VIII, het konstant gebly. Sover vasgestel kon word het die skool in hierdie afdeling in 1914 190 leerlinge gehad en is die getal in 1915 194, terwyl dit in 1918 ook nog 193 was. 4)

Gedurende die tydperk 1914 - 1918 was etlike later bekende en beroemde onderwysmanne aan hierdie skool verbonde. So tree J.C. Coetzee B.A., in 1914 tot die personeel toe as addisionele onderwyser vir wie se salaris die Algemene Vergadering verantwoordelik sou wees. Hy dien die skool in hierdie hoedanigheid tot 1917. 5) In 1917 word J.A. Pretorius

/lid....114

1) Notule van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, in sitting te Aliwal-Noord, Februarie 1917, art. 4 en Bylaag C.

2) Ibid, art. 6.

3) J.A. Pretorius, Die Opleidingskollege Steynsburg, 'n Geskiedkundige Oorsig.

4) Gegewens uit verslae van die Sub-Kommissie wat voor die Algemene Vergaderings van die jare gedien het.

5) Die begin van die onderwysloopbaan van prof.dr. J.C.Coetzee, die huidige Rektor van die P.U.vir C.H.O.

lid van die personeel terwyl hy die laaste helfte van 1918, na die vertrek van H.J.J. van der Walt, as hoof waarneem. Met sy toe reeds kenmerkende deeglikheid lewer hy aan die einde van 1918 'n volledige jaarverslag oor die aangeleenthede van die skool.¹⁾ P.J. van der Merwe word op die personeel van die skool benoem op 17 September 1917.²⁾

Ek noem hierdie name om aan te toon dat hierdie nederige skooltjie die voorreg gehad het om te beskik oor die dienste van o.a. manne wat in later jare hul spore sou verdien op die gebied van opvoeding en onderwys.

(d) Finansies.

(i) Algemeen:

Soos reeds behandel het die Normaal in 1914 tot stand gekom nadat die Departement onderneem het om die salaris van een onderwyser te betaal solank die studentetal nie minder as 30 sou word nie, en nog 'n tweede onderwyser s'n sodra die studentetal meer as 50 sou word. Die tweede onderwyser moes deur die kerkverband bekostig word. Daarby moes die Gereformeerde Kerk die matriekklas ook finansieel dra.

Om die Normaal te help in stand hou, het die Algemene Sinode besluit dat van die vier kollekte wat die gemeentes vir die Kas-ex-Bonis moes stuur, een afgesonderd kon word vir die opleiding van onderwysers te Steynsburg.³⁾ Dit blyk uit die verslae dat sommige gemeentes baie agtelosig was met die afsending van hierdie kollekte. As die Sub-Kommissie oor die jaar 1914 aan die Algemene Vergadering rapporteer, blyk dit dat daar gedurende daardie jaar slegs £12 7s. as kollekte van gemeentes ontvang is, en dan kla

/die.....115

-
- 1) Nadat hy vir etlike jare hoof van die Sekondêre Skool op Ugie was, word J.A. Pretorius hoof van die Steynsburgse Opleidingskollege in April 1932. Hy dien die inrigting in hierdie hoedanigheid tot aan die einde van 1949.
 - 2) P.J. van der Merwe dien die Paul Kruger Hoërskool te Steynsburg vanaf 1936 vir 19 jaar as hoof.
 - 3) Notule van die Algemene Vergadering in sitting te Molteno, Maart 1914, Bylaag D.

die kommissie teenoor die Algemene Vergadering dat die meeste gemeentes niks gestuur het nie.¹⁾ Vir die volgende paar jaar het dit toe beter gegaan totdat daar gedurende 1918 so 'n slapte in hierdie verpligting gekom het dat die Algemene Vergadering van 1919 die kerkrade weer moes aanmaan om die vierde kollekte bedoel vir die Kas-ex-bonis na die Normaalskool van Steynsburg te stuur.

Die kwekelinge het beurse van £12 tot £20 per jaar van die Kaapse Provinsiale Administrasie ontvang.²⁾ Aangesien die Kaapse owerheid nie bereid was om hierdie beurse aan kwekelinge uit ander provinsies te gee nie, het sulke studente 'n probleem geskep. Hulle moes vir hul opleiding as onderwysers deur die beperkte finansies ter beskikking van die Normaal gedra word, terwyl die gemeentes van die Oranje-Vrystaat en Transvaal nie bygedra het nie. As Van der Walt kla in „Het Kerkblad“ van 1 Maart 1917 dat daar baie min bydrae uit die Oranje-Vrystaat ontvang word, nl. net „van 'n paar gewillige predikante,“³⁾ getuig dit van hoe ernstig die toestand was. Die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie het hierdie toedrag van sake bespreek en besluit „Vrijstaatse en Transvaalse Kerkrade te herinner dat van ons kas ongeveer £70 bestee word aan jongeliede van die provinsies, terwyl ons so te seh niks daarvan kry - aan hulle sal gevra word om ook 'n kollekte van die Kas-ex-bonis aan ons te stuur.“⁴⁾

Daar was blykbaar nie noemenswaardige reaksie op bogenoemde beroep nie, want is 1917, as die Sub-Kommissie worstel om die finansies van die skool te laat klop, besluit hulle om nie meer toelae aan kwekelinge uit die Oranje-Vrystaat en Transvaal te gee nie, aangesien hul opleiding vir die kommissie 'n finansiële verlies beteken. 'n Kwekeling uit 'n ander provinsie sou voortaan net opgeneem word

/as.....116

-
- 1) Notule, Alg. Verg. van Kaapland, Maart 1915, Bylaag A.
2) H.J.J. van der Walt en D. Postma in Het Kerkblad, 1/8/13.
3) Ibid, 1/3/17.
4) Notule van die Sub-Kommissie, 16/5/17, art. 4.

as die kerkraad waarvandaan hy/sy kom bereid sou wees om die helfte van die student se studiekoste te betaal.¹⁾

(ii) Die Dr. Snyman-fonds:

Op die eerste kerkraadsvergadering na die dood van dr. Snyman behandel die kerkraad 'n skrywe van ds. W. Postma waarin hy die stigting van 'n fonds ter ondersteuning van die Gereformeerde Gimnasium bepleit.²⁾ 'n Kommissie, bestaande uit die hoofonderwyser en oudl. H.C. van Rooy word benoem om die moontlikheid i.v.m. die stigting van so 'n fonds te ondersoek.³⁾ 'n Paar maande later rapporteer die kommissie en beveel aan: „Het oprigten van een Snyman Fonds ter gedachtenis van wylen dr. P.C. Snyman." ⁴⁾ Op dieselfde vergadering het die kerkraad ook besluit om vir dr. Snyman 'n grafsteen op te rig.⁵⁾ Die gemeente het blykbaar nie kans gesien om albei te doen nie, daarom word die gemeente in Oktober 1915 versoek om tussen die twee moontlikhede te kies.⁶⁾ Die saak word vergemaklik toe een van die lede van die kommissie, wat die stigting van die fonds moes ondersoek, aan die gemeentevergadering meedeel „dat Weduwe Dr. Snyman's verlangen is zelf een grafsteen op te rigten." ⁷⁾ Na hierdie aankondiging besluit die gemeente met algemene stemme om 'n Dr. Snyman-fonds te stig „tot ondersteuning van het Gereformeed onderwys te Steynsburg." ⁸⁾ 'n Kommissie word benoem „tot regeling dezer zaak en het optrekken van de Akte daartoe benodigd." ⁹⁾

Die akte deur die kommissie opgetrek, is deur die kerkraad behandel en goedgekeur. Die komitee wat die fonds moes beheer, sou bestaan uit twee lede van die kerkraad,

/twee.....117

-
- 1) Notule van die Sub-Kommissie, 18/10/17, art. 6.
 - 2) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 29/5/15, art.16.
 - 3) Ibid.
 - 4) Ibid, 27/8/15, art. 6.
 - 5) Ibid, art. 18.
 - 6) Ibid, 8/10/15, art. 5.
 - 7) Ibid, art. 13.
 - 8) Ibid.
 - 9) Ibid.

twee uit die gemeente deur die kerkraad benoem en die plaaslike leraar wat as voorsitter sou optree.¹⁾

Kollektante is aangestel om vir die fonds in die gemeente te kollekteer,²⁾ wat in die eerste ses maande £90 opgelewer het.³⁾ Toe die fonds op £107 te staan gekom het is dit vir „skooldoeleindes” aan bogenoemde kommissie oorhandig. Dit was dan die begin van die Dr. Snyman-fonds waaruit talle behoeftige studente deur die jare in staat gestel is om hul studies op Steynsburg te voltooi.

(e) Subsidie vir die C.N.O.-skool aanvaar.

(i) Verpligte onderwys word ingestel:

Gedurende 1912 ontstaan daar deur Kaapland 'n agitatie vir verpligte onderwys. Ook die skoolraad van Steynsburg neem die saak ter hand en rig 'n skrywe aan die S.G.O. waarin die saak as volg gestel word: „Deze Schoolraad, oortuigd zynde van het grote voordeel voor de zaak der opvoeding verbonden aan gedwongen onderwys besluit hetzelfde in dit distrikt so spoedig mogelijk in te voeren en draagt het aan eene kommissie op, door deze vergadering te worden aangesteld om in overleg met de Superintendent Generaal van a Onderwys overeenkomstig art. 61 van de Schoolradewet van 1905, de voorlopige regulaties daarvoor op te stellen en aan de Raad voor te leggen op een vergadering te worden gehouden de 6e Maart 1912, 's namiddaags om 2 uur.”⁴⁾

Die skoolraad van Tulbagh het konsepregulasies vir verpligte onderwys opgestel en die skoolraad van Steynsburg het die volgende bygevoeg:

Art. 10: In geval behoeftige kinderen, die niet in staat zyn de vereiste schoolgelden te betalen, gedwongen worden de school te bezoeken volgens wet, zo

/zal....118

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 27/11/15, art.6.

2) Ibid, 21/1/16, art. 4.

3) Ibid, 26/8/16. art. 4.

4) Brief van die Skoolraadsekretaris van Steynsburg aan die S.G.O. van Kaapland, 13/2/12.

zal het hun vrystaan enige school die aan de eisen van de wet voldoet te bezoeken. De schoolgelden van zodanige kinderen zullen door de Raad betaald worden uit de algemene fondsen onder zijn beheer, indien zodanige school geen subsidie ontvangt van de regering." 1)

Verpligte onderwys sou die C.N.O.-skool bitter swaar tref. Waar die skool tot groot mate afhanklik was van die skoolgelde wat vir leerlinge betaal is, sou hy nou sy deure moes oopsit ook vir dié leerlinge wat glad nie in staat was om enige skoolgelde te betaal nie. Dis dan ook baie duidelik te begrype dat die voorsteller van die gewysigde art. 10 soos hierbo aangehaal, 'n skoolraadslid was wat die belange van die Gereformeerde Gimnasium op die hart gedra het. In 'n verdere voorstel beveel die skoolraad van Steynsburg ook nog aan dat leerlinge wat nie die nodige klere het nie, op versoek van die skoolbestuur daarvan voorsien moes word. 2)

(ii) Die C.N.O.-skool genoodsaak om subsidie aan te vra:

Die voorneme van die skoolraad om verpligte onderwys toe te pas, het dan ook sy weerklank in die kringe wat oor die Gimnasium se belange gewaak het, gehad. Die kerkraad is by monde van die voorsitter daarvan verwittig, en 'n kommissie is benoem om hieromtrent met die kommissie van die C.N.O.-skool te onderhandel. 3) Ook laasgenoemde kommissie besef die erns van die saak en kies uit sy geledere 'n kommissie om „met de kommissie van de kerkeraad mede te werken om een behoorlik gemotiveerd schrijven te richten aan het Uitvoerende Komitee van de Provinsiale Raad in zake het verkrygen van subsidie van de Regering voor de Vrye School, en om van dit schrijven kopie te verzenden aan de Ed. Heer A.C.A. van Rooy L.U.K., verteenwoordiger van deze

/Kiesafdeling..119

1) Besluit geneem deur Skoolraad Steynsburg, 7/2/12, volgens 'n brief van dié sekretaris aan die S.G.O., 13/2/12.

2) Ibid.

3) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 5/4/12, art. 17.

Kiesafdeling." 1) Die voorsitter van die C.N.O.-skoolkommissie, ds. W. Postma, wat tydelik in Steynsburg werksaam was tydens die afwesigheid van ds. Snyman na Nederland, rig na aanleiding van die hierbo aangehaalde besluit, 'n skrywe aan die skoolraad waarin hy ondersteuning vir die Vrye Skool vra. 2) Die skoolraad het die versoek-deurgestuur na die Departement van Onderwys, en die antwoord van die Sekretaris van Onderwys, die heer Charles Murray, daarop, was teleurstellend, want hy meld: „Betreffende de mogelike ondersteuning van Vrye Christelike School te Steynsburg door den plaatseliken Schoolraad, en te zeggen dat, zoals aan gemelden Raad gezegd is, er geen middel is waardoor een raad onder de bepalingen van de School Raad Wet, een bydrage tot het fonds van een private school kan verlenen." 3)

Die gesamentlike skrywe namens die kommissie van die C.N.O.-skool en die kerkraad van Steynsburg, vra dan ook „geldelike ondersteuning aan de lagere school alhier, enen school die getoond heeft ene bepaalde behoefte in dit distrikt te vervullen, en die meteen dient als Oefen School voor de kwekeling onderwyzers en onmisbaar is voor dat doel." 4)

(iii) Subsidie word aanvanklik geweier.

Wat die C.N.O.-skool betref, het hierdie pleitbrief by die Administrateur op dowe ore geval. Ondersteuning is wel met betrekking tot die stigting van die Normaal toegestaan, dog die C.N.O.-skool sou nog vir etlike jare daarsonder moes voortsukkel. Intussen is dit duidelik dat die Administrateur van Kaapland nie lank met rus gelaat sou word nie. Vroeg in 1915 het die tesourier, J.P. Kruger, die Administrateur ontmoet „die hem goede verwachting gaf op

/subsidie....120

-
- 1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 6/4/12, art. 7.
 - 2) Brief van ds. W. Postma aan die skoolraad van Steynsburg, gedateer 9/4/12.
 - 3) Brief van die Sekr. van Onderwys, Charles Murray aan die Skoolraad van Steynsburg, gedateer 25/4/12.
 - 4) Kyk Bylaag B vir brief.

subsidie voor onze school na 1 September, en hem opdroeg een deputatie uit naam van de schoolkommissie later daarvoor op te zenden naar Kaapstad." 1)

Weens afwesigheid van die Administrateur kon die deputasie, bestaande uit die hoofonderwyser en die tesourier, nie onmiddellik na Kaapstad gaan nie, en voordat hulle kon gaan, blyk dit dat die Administrateur van sienswyse verander het want, deur bemiddelling van A.C.A. van Rooy wat die onderhoud moes reël, stel hy die skoolkommissie in kennis „dat de Administrateur weigert om subsidie te geven aan de school." 2) So lig sou die skoolkommissie hom nie van stryk laat bring nie, want daar word onmiddellik besluit dat die afvaardiging nogtans na Kaapstad sou gaan. 3)

(iv) Subsidie word toegestaan:

Die deputasie het die Administrateur gaan spreek en 'n maand later deel een van die afgevaardigdes, J.P. Kruger, die skoolkommissie mee: „De deputatie heeft de Administrateur ontmoet tezamen met de heer C. van Rooy L.U.K." 4) Die resultaat was gunstig, want die Administrateur „heeft een subsidie van £200 toegezegd gerekend van af 1 April 1916 voor één jaar. Verder heeft hy beloofd indien de deputatie de School Raad daartoe kon krijgen om de surplus van omtrent £234 te stemmen, hy geen opjectie heeft de Afdelings Raad te verzoeken dit bedrag over te betalen aan 't Gereformeerd Gymnasium." 5)

Wat 'n blye dag moes dit nie vir die skoolkommissie gewees het nie! Eindelik kon hulle daarin slaag om subsidie van die staat vir die skool te verkry. Dieselfde kommissie wat die Administrateur gaan spreek het, word

/benoem.....121

-
- 1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 18/6/15, art. 7.
 - 2) Ibid, 23/10/15, art. 1.
 - 3) Ibid.
 - 4) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool, 27/11/15, art. 1.
 - 5) Ibid.

benoem om die skoolraad in verband met die oormak van die surplus aan die skool te ontmoet.¹⁾ Hulle ontmoet die skoolraad op 11 Desember 1915 met die versoek dat die skoolraad die afdelingsraad sal magtig om die surplus van die „School Belasting tot 30 Junie 1915 over te maken aan de School.” Die skoolraad besluit met algemene stemme om aan die versoek te voldoen.²⁾

Weereens kon hierdie twee manne met goeie nuus by die skoolkommissie aankom as hulle as volg rapporteer: „Aan de opdracht is voldaan en de Skoolraad heeft met algemene stemmen besloten de Administrateur te verzoeken instructies te geven de surplus in hun kas aan ons over te maken.”³⁾ Vir al hierdie finansiële tegemoetkominge besluit die kommissie sy dank te betuig aan die Administrateur en aan die skoolraad.⁴⁾ Volgens die kasboek ontvang die skoolkommissie op 27 Januarie 1916 die bedrag van £234 5s. 3d. van die Kaapse Administrasie wat die bedrag is wat ooreenkomstig bogenoemde besluit aan die skool oorgedra is.⁵⁾

Vanaf 1 April 1916 het die C.N.O.-skool op Steynsburg dus 'n nuwe tydperk in sy geskiedenis ingegaan. Staatsondersteuning is aanvaar en van nou af, totdat die skool geheel deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem is, is hierdie subsidie jaarliks toegestaan. Dit het veel daartoe bygedra om die geldelike las wat op die ondersteuners van die skool terus het te verlig.

Vanaf 1 April 1916 tot aan die einde van die eerste kwartaal 1917 het die Administrasie kwartaalliks £50 subsidie aan die skool gegee en dis dan ook, so in die kasboek aangeteken.⁶⁾ Omdat daar aan die begin van 1917 om verdere subsidie aansoek gedoen moes word, word 'n spesiale

/vergadering...122

1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 27/11/15, art. 1.

2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 11/12/15.

3) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 15/12/15, art. 6.

4) Ibid.

5) Inskrywing in die kasboek van die C.N.O.-skool, 27/1/16.

6) Verskillende inskrywings in die kasboek van die C.N.O.-skool.

vergadering van die skoolkommissie gehou „om plannen te be-
raam om verder subsidie te kry." 1) Na bespreking is besluit
om „aan die scribe en mnr. J.P. Kruger op te dra daaro'er
'n skrywe te rig aan die Administrateur en ok de heer C. van
Rooy L.U.K. te gaan sien. Verder werd de heer J.P. Kruger
benoem tot deputaat om na Kaapstad te gaan hieroor indien
nodig." 2)

Dit het die sekretaris blykbaar nie meer gekos as
'n skrywe aan die Administrateur nie, want op die vergade-
ring twee maande later is die antwoord van die Administra-
teur ter hand, „waaruit blyk dat ons weer vir die jaar sub-
sidie van £200 sal kry." 3) Die subsidie is dan ook verhoog
van £200 na £250 p.j., want vanaf 1 April 1917 is die toe-
laag £62 10s per kwartaal, en so het dit gebly tot 31 Maart
1919. 4) Vanaf 1 April 1919 is die toelaag weereens ver-
hoog en sou dit vir die volgende jaar £500 bedra, d.w.s.
£125 per kwartaal, wat 'n verdubbeling van die vorige jaar
se subsidie was. Gedurende die laaste paar jaar van die
skool se bestaan as privaat inrigting, d.w.s. vanaf 1 April
1920, was die toelaag £175 per kwartaal of £700 per jaar. 5)

(f) Skoolinspeksie nadat subsidie aanvaar is.

Die aanvaarding van staatsubsidie vir die C.N.O.-
skool vanaf 1 April 1916, sou onteenseglik meebring dat die
staat hom voortaan sou bemoei met die werk wat in die skool
gedoen word. Tot nou toe het die inspekteur van skole niks
te doen gehad met wat in die skool geleer is en hoe dit ge-
doen is nie. Hy het die skool eenvoudig nie besoek nie,
want geen geldelike ondersteuning het die Departement alle
seggingskap oor die skool ontsê.

/Teen....123

1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 22/1/17,

art. 9.

2) Ibid.

3) Ibid., 20/3/17, art. 9.

4) Volgens inskrywings in die kasboek van die C.N.O.-skool.

5) Ibid.

Teen die einde van 1916 lê die skoolhoof aan die skoolkommissie korrespondensie tussen hom en die inspekteur, E.J. Spurway, voor, insake die beoogde inspeksie van die skool.¹⁾ Dit was te begrype 'n vreemde verskynsel vir die kommissie, en hulle kon onmoontlik nie sonder meer toelaat dat die staat die terrein, waarop hulle vir soveel jare alleenreg gehad het, sou kom betree nie. Hulle wou meer duidelikheid oor die hele aangeleentheid hê, daarom word besluit: „Di klas inspeksie toe te laat doch benoemde di Voorz. en lid J.P. Kruger en die Hoofonderwyser om hier omtrent namens die skool kommissie te skrywe aan die Superintendent Generaal omtrent di rede enz. waarom onze skool geinspekteer moet word.”²⁾ Ek kon nie vasstel of hierdie opdrag wel uitgevoer is nie, en indien wel, wat die verduideliking van die S.G.O. was. Die inspeksie deur inspekteur Spurway het wel in November 1916 plaasgevind, want in sy jaarverslag oor die werksaamhede van die skool gedurende daardie jaar vermeld die hoof o.a.: „In die 4e kwartaal het daar iets gebeur wat iets nuus in onse skool was. Ons het namelik van die 20 - 25ste November 1916 'n besoek gehad van die Goevernements Inspekteur van Skole.” En dan gee die skoolhoof ook aan die kommissie die rede vir die nuwigheid: „Hy het die skool kom besoek en inspekteer kragtens die £200 die aan ons toegeken werd deur die Departement.” Maar dan stel hy die skoolkommissie ook gerus: „Die Inspekteur het binne die limiete gebly hem gestel deur onse skoolkommissie.” Die inspekteur het 47 van die 225 leerlinge toe op die rol laat druipe, en die skoolhoof gee in sy verslag 'n uiteensetting van waaraan hy die groot persentasie druipelinge toeskryf.³⁾ Hierna sou die skool jaarliks deur die Departementele inspekteur van skole besoek word, omdat die skool nou 'n staatsondersteunde inrigting geword het.

/Die.....124

1) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool, 4/11/16, art. 4.

2) Ibid.

3) Verslag oor die werksaamhede van die Gereformeerde Gimnasium vanaf Julie 1916 voor die skoolkommissie op 15/12/16, en opgestel deur die waarnemende hoof, J.C. Coetzee, die huidige Rektor van die P.U. vir C.H.O.

Die jaarlikse inspeksie het geen inbreuk op die gereelde skoolbesoeke van die lede van die skoolkommissie gemaak nie. Die skool is nog gereeld kwartaalliks deur twee lede van die kommissie besoek wat op die volgende vergadering verslag moes doen.

(g) Poging tot amalgamasie van die skole op Steynsburg.

In 1915 is daar twee skole op Steynsburg, nl. die Gereformeerde Gimnasium en die A₂ School Steynsburg, elk met 'n primêre en 'n sekondêre afdeling. Aan die einde van daardie jaar kom die amalgamasie van hierdie twee skole ter sprake toe lid J.F.v.G. Bekker die volgende voorstel op die skoolraad indien: „Deze Raad, menende dat de tyd voor amalgamasie voor de twee plaatselijke scholen, nl. het Gereformeerde Gymnasium en de A₂ School Steynsburg aangebroken en gunstig is, drage 't aan een kommissie uit zijn midden op om dadelik met de Administrateur te onderhandelen met het oog daarop.” 1) Hierdie voorstel beoog klaarblyklik die amalgamasie van al die klasse van die twee skole, want op dieselfde vergadering dra die raad dit aan die twee skoolkommissies op om met mekaar te onderhandel „om vanaf Januarie e.k. de hogere school klassen - dat is vanaf std. VI en hoger - van die twee inrichtingen te vereenigen.” 2) Die amalgamasie eers van die sekondêre klasse moes die voorloper van algehele amalgamasie wees.

Die Administrateur wat i.v.m. die saak genader is, het sy goedkeuring daaraan geheg en het selfs belowe om £3,000 tot £4,000 van die Provinsiale Raad vir die aanbou van skoollokale te probeer verkry. 3)

Die publiek was wel ten gunste van die amalgamasie van die hoër klasse, maar was baie ontevrede omdat dit die uiteindelijke saamvoeging van ook die laer klasse beoog het.

/Om.....125

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 11/12/15.
2) Ibid.
3) Ibid, 22/1/16.

Om die publiek gerus te stel, besluit die raad „dat dit niets te doen heeft met uiteindelijke amalgamatie van die scholen zooals duidelik blykt uit het memorandum van zij Edele de Administrateur." 1)

Die skoolkommissie van die Gereformeerde Gimnasium was heeltemal ten gunste van die amalgamasie van die hoër klasse van die twee skole, en benoem uit sy geledere 'n kommissie bestaande uit ds. C.J.H. de Wet en die here J.P. Kruger en J.P. Coetzee „ter bespreking van de termen met de kommissie van de Publieke School." 2) Hierdie besluit was enigszins onbedagsaam en in stryd met die algemene opinie van die grootste gedeelte van die gemeente en van die ouers van die skoolgaande kinders. Dit is die slotsom waartoe 'n mens kom as jy in die notule lees dat die skoolkommissie die volgende dag 'n spesiale vergadering hou en kort en saaklik besluit: „Het besluit gisteravond genomen omtrent combinatie van de hogere klassen van 't Gymnasium met die van de Publieke School werd in revisie genomen en na bespreking werd besloten genoemd besluit niet in werking te stellen voor en alear de zaak door de gemeente is besproken en daaromtrent een besluit genomen heeft." 3) Die skoolkommissie erken dus hiermee dat die gemeente, en niemand anders nie, oor die toekoms van die skool mag besluit.

Die saak word op 'n gemeentevergadering behandel. Vooraf gee die afgevaardigde na die Algemene Vergadering, gehou te Burgersdorp op 5 Februarie 1916, verslag. Daar is die kwessie van die amalgamasie van die twee skole op Steynsburg bespreek, en „ook daar werd de verwachting uitgesproken dat de gemeente van Steynsburg niet zal besluiten ten gunste van amalgamatie." 4) Na deeglike bespreking besluit die gemeentevergadering met 'n oorweldigende meerderheid: „Deze vergadering besluit

/om.....126

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 22/1/16.

2) Notule van die skoolkommissie van die C.N.O.-skool, 21/1/16, art. 3.

3) Ibid.

4) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 26/2/16, art. 26.

om niet te amalgameer." 1) Die gemeente van Steynsburg en die ouers wat kinders in die C.N.O.-skool gehad het toon onteenseglik met hierdie besluit dat hulle nog nie koers verloor het nie. Hulle was bereid om nog verder op te offer vir die ideaal van C.N.O. en was op hierdie tydstip nog nie bereid om 'n kompromie te sluit nie.

'n Paar dae later rapporteer J.P. Duvenage namens die skriba van die Gereformeerde kerkraad aan die skoolraad „dat de Gemeente besloten heeft niet op amalgamatie in te gaan," 2) en die sekretaris kry opdrag om die Departement van onderwys dienooreenkomstig in kennis te stel. 3) Hier is die saak dan ook voorlopig afgehandel.

(h) Die atmosfeer van die skool.

Deurgaans word die indruk geskep dat, onder die hoofskap van H.J.J. van der Walt, daar 'n gesonde atmosfeer in die skool geheers het, enersyds wat die verhouding tussen die hoof en die leerlinge en kwekelinge betref en andersyds wat betref die Christelik-nasionale gees wat in die inrigting gehandhaaf is. Die talle briewe wat bewaar gebly het, van oud-studente, wat reeds in die onderwysberoep gestaan het, getuig van die vriendskapsband, soos tussen vader en kinders, wat daar tydens hul studentejare tussen hoof en studente gelê is: hulle kla hul nood teen hom, hulle klop by hom aan om advies van allerlei aard, hulle betuig hul dank en waardering vir vorming en opleiding aan die inrigting ontvang. 4)

Die beginsels waarmee die hoof besiel is, bepaal tog seker tot 'n groot mate die gees van die inrigting wat hy dien. Aan die bestaansnoodsaaklikheid van die Normaal het Van der Walt nooit getwyfel nie, omdat hy 'n oortuigde

/voórstander..127

1) Kerkraadsnotule, Geref. Kerk Steynsburg, 26/2/16, art. 27.

2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 28/2/16.

3) Ibid.

4) In die argiewe van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom word aantal van die persoonlike briewe van oud-studente van die Normaal aan Van der Walt bewaar.

voorstander van C.N.O. was. Godsdienst, taal, geskiedenis en tradisie moes in die skole in ere gehou word. „Om in die behoefte van onderwysers, besield met liefde vir Godsdienst, taal en geskiedenis te voorsien, bestaan ons skool en solang die Afrikanervolk bly bestaan of wens om te bly bestaan als volk, sal daar noodsaaklikheid wees vir sulke skole als die van ons." 1) Ons kan dus met sekerheid aanneem dat die atmosfeer in hierdie skool Christelik was en dat taal en tradisies daarin gehandhaaf is.

Om studente in die eerste plek bloot deur die eksamen te kry, was nie die belangrikste nie. „Maar ons dank die Heere als dit mag blyk dat julle hier versterk is in die beginsel: Die vrrese des Heren is die beginsel van die wysheid." 2) Gelowig kon hy getuig: „Die ere Gods boweal! 'n Lewe soals die leuse van ons skool dit skoon uitdruk: Pro Christo Nostro Rege." 3)

Vir die hoof was die skool die verlenging van die huisgesin. In die skool moet dieselfde atmosfeer as in die huis heers want „in die eenselwige atmosfeer van huis en skool daarin sit ons krag, en omdat ons dit voel en die bewys vind by die hand, daarom ywer ons met sulke opoffering vir C.N.O." 4)

(i) Godsdiensoonderrig.

Die gedagte dat die skool die kinders moes voorberei vir die „aanneming", is nog steeds gehandhaaf, aangesien die algemene opvatting was dat die predikant nie genoeg tyd daarvoor gehad het nie. Die enigste informasie wat in verband hiermee ingewin kon word, is die te boek gestel in die jaarverslag van die waarnemende hoof, J.A. Pretorius aan die einde van 1918. Tot en met st.V is daar vir 2½ uur per week voorsiening gemaak vir Bybel. Vanaf st.V1 is 2 uur

/per.....128

-
- 1) H.J.J. van der Walt, Onse Opleiding Skool, 'n artikel in die C.N.O.-Jaarblad van 1916.
 - 2) H.J.J. van der Walt, Die Atmosfeer van u Skool, 'n artikel in die C.N.O.-Jaarblad van 1918.
 - 3) Ibid.
 - 4) Ibid.

per week afgesonder vir Godsdiensoonderrig en word daar saam met Bybelgeskiedenis 'n begin gemaak met Kerkgeskiedenis wat 'n halfuur van die tyd moes ontvang. Vanaf st.VIII is een uur bestee aan Bybelgeskiedenis, met 'n halfuur vir elk van Kerkgeskiedenis en Dogmatiese Onderwys.¹⁾ Uit die Godsdiensoonderrig, soos hier uiteengesit, blyk dit duidelik dat die C.N.O.-skool steeds getrou aan die doel van sy stigting wat Godsdiensoonderrig betref, gebly het, nl. dat „de vrye school moet het voorportaal worden van de kerk en daarvoor moet de kinderen in de geloofsleer opgeleid worden.“²⁾

(j) Die losieshuise.

Met die reorganisasie van die skool in 1913 word daar ook spesiale aandag aan die herorganisasie van die losieshuis gegee en het die skoolkommissie 'n kommissie benoem om in die saak te handel.³⁾ Hierdie kommissie se verslag is algemeen aanvaar en het in hoofsaak op die volgende neergekom:

1. Daar sal voorlopig net 'n koshuis vir meisies begin word. As daar dan 'n redelike aantal manstude-
dente kom, sou daar in 1914 vir hulle voorsiening gemaak word.
2. Die hoofonderwyser bied aan om die losieshuis vir een jaar vir sy rekening te neem, mits die kommissie bereid is om al die nodige te verskaf, 'n aanbod wat met dank aangeneem is.⁴⁾

Hoewel die hoofonderwyser aanvanklik onderneem het om die losieshuis net vir een jaar te neem, het hy eers in Junie 1915 gevra om van hierdie plig onthef te word.⁵⁾ Daar word toe aansoek vir die betrekking van huisvader gevra en onderwyser Tj. Kruger word aangestel.

Teen die einde van 1915 was daar nog geen voorsiening vir 'n losieshuis vir manstude-
dente gemaak nie. As daar

/dan....129

-
- 1) Jaarverslag deur die waarnemende hoof, J.A. Pretorius, gelewer aan die einde van 1918.
 - 2) D. Postma, soos opgeteken in die notule van die Konferensie vir C.N.O. gehou te Steynsburg, 12 en 13 Julie 1911.
 - 3) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 28/3/13, art. 13.
 - 4) Ibid, 14/7/13. Die rapport is hierin opgeneem.
 - 5) Ibid, 18/6/15, art. 9.

dan sekere onreëlmattighede tussen die mans- en damestudente plaasvind, beveel die skoolhoof by die skoolkommissie aan „de regels voor meisjes in 't kosthuis strikter te maken en pogingen aan te wenden de jongens onder strickter toezicht in een kosthuis te krygen." 1) Die skoolkommissie beseft nou terdeë dat die manstudente nie maar rond in die dorp mag bly nie maar ook soos die dames onder toesig in 'n losieshuis behoort te wees.

Onderwyser A.D. Botha neem hierin die voortou en vra van die skoolkommissie hulp om „een sukses te maken van 't logieshuis voor jongens die hy voor dat doel gehoord heeft." 2) Die skoolkommissie is bereid om Botha se onderneeming „zedelike steun te geven, maar ziet geen kans dit finansiëel te doen." 3) Tog besluit die kommissie later om Botha wel met sy beoogde losieshuis te help volgens die volgende skema: „Indien er 15 kostgangers zijn zal de Schoolkommissie £1 10s., indien minder £2 per maand bydragen voor eerste kwartaal 1916, indien wij geen Regerings toelagen voor logieshuis kunnen krygen." 4) Dit was seker nie vir die skoolkommissie nodig om hierdie skenking uit sy karige fondse te maak nie, want reeds in Januarie 1916 kon die skoolhoof meld dat hy van die Administrateur £48 ontvang het vir die manslosieshuis vanaf 1 April 1916. 5)

In Maart 1917 bedank Botha as onderwyser en as huisvader van die manslosieshuis. 6) Met L. Pretorius, wat huisvader van die dameslosieshuis was, is ooreengekom om die manslosieshuis oor te neem terwyl sy dogter aangestel is as matrone van die losieshuis vir meisies. 7)

/(k) Tug....130

1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 9/10/15, art. 8.

2) Ibid, 27/11/15, art. 4.

3) Ibid, 15/12/15, art. 4.

4) Ibid, art. 11.

5) Ibid.

6) Ibid, 30/3/17, art. 21.

7) Ibid, 16/6/17, art. 7.

(k) Tug.

Die aard van die skool en die konserwatiewe beginselvastheid van die ouers en diegene wat' beheer oor die skool gehad het, het begryplikerwys meegebring dat daar 'n baie streng wakende oog oor die belange van die skool en die doen en late van die leerlinge en die personeel gehou is. Sommige sportaktiwiteite is met agterdog bejeen, veral die speel van wedstryde op ander plekke. In die verband benoem die skoolkommissie 'n kommissie „om een resolutie op te trekken teen het spelen van voetbol en krieket op andere dorpen." 1)

Die kommissie rapporteer eers 'n jaar later. Hulle het aan die ouers oor die voetbalspelery geskryf. Net van een ouer is antwoord ontvang en die het geen beswaar teen dié sportsoort nie. Na 'n breedvoerige bespreking neem die skoolkommissie die volgende besluit met 'n groot meerderheid aan: „De kommissie blyft by haar vroeger genomen besluit teen die sportgeest; indien er toch wedstryden gehouden worden, hoopt de kommissie dat de kinderen dan onder goede toezicht zo mogelijk van 'n onderwyzer zullen zijn." 2)

Die kommissie was van mening dat 'n beskaafder spel soos tennis meer by die leerlinge en kwekelinge tuis behoort het, daarom gee hulle dikwels donasies vir dié doel soos bv. £5 op 21 Junie 1911, „voor hun tennis gronden." 3) Gedurende 1916 is daar moeilikheid met twee manstudente ondervind waarna hulle die losieshuis verlaat het en uiteindelik is hulle die skool verbied. 4)

Die skoolkommissie het tereg verwag dat daar 'n gesonde gees onder die leerlinge sou heers. Aan die begin van 1917 vind hulle dit noodsaaklik „de jonge liede die vir /onderwyzers...131

1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 21/6/11, art. 10.

2) Ibid, 22/7/12, art. 4.

3) Ibid, 21/6/11, art. 11.

4) Jaarverslag van die waarnemende hoof, J.C. Coetzee, 15/12/16.

onderwyzers opgelei word te wys dat die gees die onder hulle heers veel te wense oorlaat en aanmerking verdien." Die hoof kry opdrag om hulle weer, soos reeds voorheen gedoen, ernstig aan te spreek met die heropening van die skool.¹⁾

(1) Geboue.

Met die stigting van die Normaal in 1914 is daar geen voorsiening vir spesiale geboue gemaak nie. Die C.N.O.-skoolgebou kon skaars die Gereformeerde Gimnasium huisves en daar moes elders in die dorp lokale gesoek word. Daar is dan ook sonder versuim begin om die nodige akkommodasie te vind. Die heer J.P. Coetzee ontmoet die skoolraad namens die kommissie van die Gimnasium, en vra die gebruik van twee klaskamers „in het oude schoolgebouw” vir die gebruik van die Normaal.²⁾ Die skoolraad antwoord nie dadelik nie, dog benoem 'n kommissie om op die saak in te gaan. Op 'n latere vergadering rapporteer die kommissie dat die gevraagde twee kamers teen 10s. per maand aan die Normaal verhuur sal word vanaf 1 Januarie 1914. Hier neem die Normaal sy aanvang. Dit was egter bloot tydelike voorsiening, want daar word reeds in hierdie vroeë stadium ideale vir nuwe geboue gekoester. Die Sub-Kommissie rapporteer in 1914 aan die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie aangaande die Normaal en sê o.a. : „Er is ook geleentheid om steun van de Regering te krygen voor gebouwen, zoals klaskamers en logiesinrichtingen door leningen van 't Goevernement, zodra wij 'n aanzienlik aantal leerlingen hebben.”³⁾ Van nuwe geboue vir die Normaal het daar egter vir baie jare niks tereg gekom nie.

Teen die helfte van 1916 vra die Gereformeerde Kerkraad die skoolraad weer om die ou skoolgebou te huur of te koop.⁴⁾ 'n Kommissie van die skoolraad kry opdrag om met

/die....132

- 1) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 22/1/17.
- 2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 9/8/13. Dis die ou skoolgebou aan die ooste van die markplein.
- 3) Notule van die Algemene Vergadering van die Gereformeerde gemeentes van Kaapland, Maart 1914, Bylaag D.
- 4) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 10/6/16.

die kerkraad te onderhandel, dog die kerkraad vind die koop-som van £375 vir die gebou te hoog en die plan val deur die mat.¹⁾

Die skoolhoof het dikwels gekla oor die ondoel-treffendheid van die gebou. In April 1916 vestig hy die skoolkommissie se aandag daarop dat „de oude drukkerij” die volgende maand verkoop sou word.²⁾ Terselfdertyd rig die kommissie ook 'n dringende versoek tot die kerkraad om voor-siening te maak vir klaskamers aangesien die bestaande on-toekeikend is.³⁾ Die kerkraad dra ditop sy beurt weer aan 'n kommissie op om voorsiening vir meer akkommodasie te probeer maak.⁴⁾ Die gevolg is dat die „ou drukkerij” vir die skool aangekoop is teen £215 wat met koste en reparasie on-geveer £250 sou kos.⁵⁾

Die Provinsiale Administrasie het aan die kerkraad £18 per jaar huur vir die gebou betaal.⁶⁾ Die „ou drukkerij”, algemeen bekend in later jare as die „pink skool”, moes vir baie jare, totdat die Normaal sy eie gebou in gebruik kon neem, as klaskamers vir die inrigting gebruik word.

2 Die jaar 1915.

(a) Inleiding.

Die jaar 1915 was in meer as een opsig 'n merk-waardige mylpaal in die geskiedenis van C.N.O. op Steynsburg. Op 17 Julie 1915 sou die skool tien jaar oud wees en kon met vreugde en dankbaarheid terug gekyk word op 'n moeitevolle stryd wat gevoer is, maar kon ook met trots gewys word op wat bereik is. Die nederige Vrye Christelike skooltjie van 1905 het uitgegroeï tot 'n inrigting met 'n primêre en 'n sekondêre afdeling en 'n Normaal, 'n inrigting wat reeds

/bewys....133

-
- 1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 12/8/16.
 - 2) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 29/4/16, art. 5.
 - 3) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 19/5/16, art. 15.
 - 4) Ibid, art. 26.
 - 5) Notule van die kommissie van die C.N.O.-skool, 23/6/16, art. 7. Ook Steynsburgse Kerkraadsnotule, 25/11/16, art. 22.
 - 6) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 13/4/17, art. 24.

bewys gelewer het dat hy die reg van bestaan het. Die ondersteuners van en strydters vir C.N.O. op Steynsburg kon met dankbaarheid terug kyk en met hoop, geloof en vertroue die toekoms ingaan.

By al die vreugde wat dit ingehou het, was die jaar 1915 ook 'n donker jaar in die geskiedenis van die onderwys op Steynsburg. Deur die onverbiddelike dood moes die beweging sy kampvegter en besielde leier, dr. P.C. Snyman, afgee. Sonder sy entoesiasme, deursettingsvermoë en breinkrag sou die stryd verder gevoer moes word. Maar daar het gelukkig manne na vore gekom om die stryd verder te stry en om die ideale van die ontslapene verder in die onderwys op Steynsburg uit te lewe.

(b) Dr. P.C. Snyman, voorvegter vir C.N.O. oorlede.¹⁾

(i) Lewenskets:

Sondagmiddag, 9 Mei 1915. Soos 'n elektriese skok gaan die nuus deur die klein dorpie: die geliefde leraar, dr. P.C. Snyman, is na 'n siekbed van drie weke in die jeugdige ouderdom van nog nie 40 jaar nie, oorlede.

Dis seker nie onvanpas dat ons in hierdie studie ook enkele oomblikke sal stilstaan by die lewe van hierdie begaafde kneg van die Here wie se naam ons vanaf 1903 tot 1915 vind op elke bladsy van die geskiedenis wat ons hier in herinnering roep. Hy was die siel van die C.N.O.-beweging op Steynsburg. Sy nugter verstand en entoesiasme was die krag agter hierdie uitdagende onderneming. Sy geloof het ook ander besiel om uit niks iets tot stand te bring.

Philippus Christoffel Snyman aanskou die eerste lewenslig op 16 Junie 1875 en bring sy eerste kinderjare deur op Venterstad waar sy vader, ds. W.J. Snyman, predikant was. Hier ontvang hy sy eerste skoolonderrig totdat hy op veertienjarige leeftyd gestuur word na die Vrye Christelike

/Skool....134

1) Ek maak vir hierdie lewens- en karakterskets met erkentlikheid gebruik van 'n artikel in die Kerkalmanak van 1916 oor dr. P.C. Snyman, opgestel deur prof. F. Postma.

Skool op Burgersdorp wat gestaan het onder leiding van ds. Ph. J. Snyman, later predikant te Heidelberg Tvl. „Dat hy later so yverde voor Kristelik Nasionaal Onderwys moet ongetwyfeld hieruit verklaard word dat hy byna heel zyn opleiding aan dergelyke inrigtingen had ontvang. "1) Hy loseer daar by prof. D. Postma en hoewel hy kort daarna oorlede is, „had hy reeds gedurende die korte tyd van die oue vader indrukken ontvang en lessen geleerd, die hem altyd waren by gebleven." 2)

'n Paar jaar later lê hy die admissie-eksamen af en word ingeskryf as student van die Literariese afdeling van die Teologiese Skool. In 1895 ontvang hy die graad B.A., studeer dan verder in die teologie en word in 1898 tot die bediening toegelaat.

Op 4 Oktober 1898 tree hy in die huwelik met Geertruida Adriana van Rooy, dogter van Meester J.C. van Rooy wie se arbeid as onderwyser op Steynsburg „heeft heerlike vruchten gedragen en het Geref. Gymnasium, tans te Steynsburg, berust voor 'n groot deel op het voorbereidende werk dat toen reeds gedaan werd." 3)

Pas nadat hy sy studies voltooi het, kom daar 'n vakature aan die „Kollege Departement van de Theologiese School" 4) weens die vertrek van prof. S. Postma na Middelburg. Die jong Snyman word toe deur die Kuratore benoem tot professor in die Lettere. Hier arbei hy gedurende die oorlogsjare totdat hy op 13 Desember 1902 'n beroep na die Gereformeerde Kerk Steynsburg ontvang. Om op die beroep te antwoord, het hom nie moeilik geval nie, „omdat hy van kindsbeen af de begeerte had gehad om eenmaal Gods Woord te bedienen." 5) Op 21 Februarie 1903 word hy deur prof. Cachet op Steynsburg in die amp bevestig.

/In....135

-
- 1) F. Postma, oor dr. P.C. Snyman in die Kerkalmanak van 1916, p. 43.
2) Ibid, p. 44.
3) Ibid.
4) Ibid, p. 45.
5) Ibid.

In Desember 1911 vertrek hy met sy gesin na Nederland waar hy teen die einde van 1913 aan die Vrye Universiteit van Amsterdam promoveer op 'n eksegetiese studie van die profesie van Sefanja. Terwyl hy nog met studieverlof in Nederland was, word hy benoem as professor in die Teologie aan die Teologiese Skool te Potchefstroom, dog, „hoewel hy'n lange tyd worstelde om tot 'n besluit te komen,"¹⁾ kon hy, gedagtig aan die gemeente en onderwysaangeleenthede op Steynsburg wat hom baie na aan die hart gelê het, die benoeming nie aanvaar nie.

In Januarie 1914 keer hy in sy vaderland terug, neem weer die herderstaf op Steynsburg op, „totdat hy die op bevel van God na 'n ziekbed van meer dan drie weke, uit de hand legde op Zondagmiddag, 9 Mei 1915." ²⁾

„Een kostbaar leven werd op die dag afgesloten. 'n Tiental jaren mocht hy arbeiden in de gemeente Steynsburg en wat hy aldaar met de hulp des Heeren tot stand bracht zal leven en vruchten afwerpen tot in verre nageslachten niet alleen voor de gemeente, maar ook voor geheel de Kerk, voor heel het Afrikaanse volk. Leven zal z'n naam als de stichter van het Gereformeerde Gymnasium aldaar." ³⁾

Treffend sluit Postma die huldeblyk af met: „Kort was zijn leven, doch 't was 'n leven van krachtige, noeste, onverdroten arbeid, waarop de Heere zijn zegen liet rusten. Hierom was zijn leven zegenrijk. Hy is tans van ons weggegaan. Met weemoed in 't hart staren wij hem na; de slag is zó groot, zó onverwacht; de wonde is zó diep, het einde zó tragies." ⁴⁾

(ii) Die taak van die Gereformeerde skool vir

Snyman:

Dr. Snyman het veel gesê en geskryf oor C.N.O en

/die....136

-
- 1) F. Postma, oor dr. Snyman in die Kerkalmanak 1916, p.45.
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Ibid, p. 48.

die Gereformeerde skool, dog ek wil volstaan by die woorde wat hy gebesig het toe hy in 1910 as spreker opgetree het by geleentheid van die 50 jarige bestaan van die Gereformeerde Gemeente van Burgersdorp.

Hy spreek oor die onderwys en nadat hy die kleurlose staatskole geteken het, skets hy die ideaal wat die Gereformeerde ouer hom vir sy skool voorstel. Hoor hoe kernagtig stel hy die doel van die opvoeding: „Die ideaal van de Gereformeerde skool is ook 'opdat de mensch Gods volmaakt zij, tot alle goed werk volmaaktelik toegerust.' Ons kan geen 'mensch Gods' maak. Dit kan die Heere alleen deur die wederbarende krag van zijn Heilige Geest. En hiervoor het hy ook die beste Kristelike opvoeding niet nodig. Maar ons kan die 'mensch Gods' toerus, ons kam hom vorm vir alle goed werk, omdat 'n 'mensch Gods' is iemand in wie Kristus die Beeld van God herstel. En die Beeld van God word in die mens daarin uitgedruk, dat hy is profeet, priester en koning, dat hy moet ken, dien en heers, aldrie in welbewuste onderworpenheid aan God. Die taak van die Gereformeerde skool is hiermee aangewys." 1)

(iii) Huldebetuigings:

Een na die ander het liggame en kommissies waarin hy gedien het, met leedwese kennis geneem van sy afsterwe en waardering vir sy arbeid te boek gestel. In Het Kerkblad van 1 Junie 1915 skryf ds. T. Hamersma: „Als predikant bleef hy evenwel het onderwys een warm hart toedragen. Als bewys daarvan hebben we slechts te wijzen op de oprichting van het Geref. Gymnasium van Steynsburg, met de Christelik Nationale School daaraan verbonden." 2) Ds. Hamersma wys op die stryd wat dr. Snyman moes voer, en alhoewel ny nooit gekla het nie, „toch heeft hy ons een en ander maal zijn nood geklaagd, dat de financiële nood van de school

/soms....137

1) F. Postma, oor dr. Snyman in die Kerkalmanak 1916, p. 47.

2) T. Hamersma, oor dr. Snyman in Het Kerkblad van 1/6/15.

soms zulk een zorg baarde en ook tegenwerking van een enkele zogenaamde vriend hem smart aan deed." 1)

Hoewel hy toe nie op die skoolraad van Steynsburg gedien het nie, neem die raad op 12 Junie 1915 'n onbestemde mosie van meegevoel met sy weduwee aan „en de Raad stelle te boek zijne hoge waardering van de dienst door de overledene aan de zaak der opvoeding in dit distrikt bewezen.

Die Sub-Kommissie van die Algemene Vergadering betreur ook sy afsterwe en stel te boek dat „het ontstaan en de bloei van de Normaal Inrichting, alsook van de C.N.C. School, is onder de leiding Gods en de hartlike samewerking van andere broeders vooral aan de geliefde overledene te danken." 2) In sy verslag aan die Algemene Vergadering die volgende jaar meld die Sub-Kommissie dat dit goed gaan met die skool, „doch in de dood van de Voorzitter van onze Kommissie, dr. P.C. Snyman, hebben we 'n groot en onherstelbare verlies geleden." 4)

Die algemene gedagte was dat dr. Snyman „in zijn gezondheid geknakt" 5) uit Nederland teruggekeer het. Sy gestel was nie bestand teen die ononderbroke arbeid en die koue winters daar nie.

(c) Herdenking van die tienjarige bestaan van die skool. 6)

Op 10 Julie 1915 sou die skool op Steynsburg 10 jaar oud wees. Dit is reeds lank vooraf beplan dat hierdie heuglike gebeurtenis op luisterryke wyse gevier sou word. So vergader dan ook op Saterdagand, 17 Julie 1915, ten spyte van „het koude gure weder," ruim 500 mense in die stadsaal te Steynsburg. Daar was baie jongmense, tog „was er van luidrigtheid geen sprake, voornamelik doordat die plotselinge dood van dr. P.C. Snyman nog te vers in aller

/geheugen... 138

- 1) Ds. T. Hamersma in Het Kerkblad, 1/6/15, p. 3.
- 2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 12/6/15.
- 3) Notule van die Sub-Kommissie van die Algemene Vergadering van die Kaapprovinsie, 16/11/15, art. 7.
- 4) Notule van die Algemene Vergadering. van Kaapland, Februarie 1916, Bylaag C.
- 5) T. Hamersma, Dood van dr. Snyman, Het Kerkblad, 1/6/15.
- 6) Berig in C.N.O.-Jaarblad, Mei 1915.

geheugen was en ook omdat de Gereformeerde Kerk de volgende dag het Heilig Avondmaal wilde vieren."

Die hoof, H.J.J. van der Walt, behandel by hierdie geleentheid die geskiedenis van die skool oor die afgelope tien jaar in die plek van dr. Snyman wat dit moes doen. En onder watter donker wolk moes hy dit nie doen nie! Hy vertolk met hierdie woorde seker die gevoel van elkeen in die saal: „'t Is ons 'n heuglik gebeurtenis. In onze blydschap en dankbaarheid erover waren we voornemens groot feest te vieren. Doch, helaas, onze blydschap is verdwenen, onze feestelike stemming is weg. De vader van de school is heengegaan. Dr. P.C. Snyman is er niet meer. Als verpletterd staan wij voor 't ongelooflik feit. Onze moed is ons ontzonken. Onze handen zijn slap. Wat moet er nu van de school worden? In dezen tyden van druk en ellende hadden wij 't reeds zwaar nog 't hoofd boven water te houden. En, zie, nu komt de dood ons ineens, als het ware, 't hoofd onderdompelen." En dan die geloofsvertroue van die skoolhoof dat daar nie nou in moedeloosheid gesit moet word nie, dog hy spoor die gehoor aan om voort te gaan met die werk van dr. Snyman: „Doch wij moeten het weer boven komen. Wij zijn het aan zijnen nagedachtenis verschuldigd. Doch bovenal, de zaak is van God, de school is steeds in de mogendheden 's Heren voortgeset. Wij moeten ons dus opmaken om, even vertrouwend op onze Hemelse Vader als dr. Snyman, met vol geloof ons aan Hem overgevend de zaak staande te houden."

Nadat Van der Walt dan die geskiedenis van die skool geskets het, „trad de heer A.C.A. van Rooy, L.U.K. op met een rede over het belang van Christelik nationaal onderwys voor huisgesin, land en volk." Die verrigtinge is verder opgeluister met sang, musiek en voordrag. By die geleentheid van die feesviering het ook 'n spesiale uitgawe van die C.N.O.-Jaarblad verskyn.

3. Die skeiding van die Normaal en die Gereformeerde
Gimnasium.

(a) H.J.J. van der Walt verlaat die skool.

Op sy vergadering van 5 April 1918 ontvang die Sub-Kommissie die bedanking van die skoolhoof, H.J.J. van der Walt. En dan staan daar aangeteken: „Met leedwese neem die kommissie hiervan kennis, omdat sinds sy aanstelling in Januarie 1909, mnr. van der Walt altyd sy bes gedaan het vir onze inrigting. Dit is veral aan sy ywer te danke dat onse skool gedurende die tyd tot so 'n bloeiende toestand gekom het." 1) Van der Walt het vanaf Junie 1918 die hoofskap van die Albert Academy aanvaar.

Met sy vertrek het die skool iemand verloor wat naas dr. P.C. Snyman seker die meeste gedoen het aan die uitbreiding en uitbouing van die onderwysinrigting op Steynsburg waarvan hy nege jaar die hoof was. Deurgaans kom ons by die navorsing van hierdie geskiedenis, tot die gevolgtrekking dat hy in sy siel oortuig was van die noodsaaklikheid van C.N.O. Hy het sy pligte nie alleen met nougesetheid in die skool nagekom nie, maar hy was dikwels op meerdere kerkvergaderings die een wat die skool se belange moes bepleit; hy moes dikwels op kongresse die saak van C.N.O. stel, en hy moes meermale deputasies na Kaapstad vergesel om by die owerhede vir die bestaansreg van die skool te gaan pleit.

Onder sy leiding het die skool ontwikkel tot 'n inrigting waarin volledige onderrig tot die matrikulasie gegee sou word, die Normaalskool is gestig en het 'n volwaardige inrigting vir die opleiding van onderwysers geword. Vir vier en 'n halwe jaar het hy die twee inrigtings gesamentlik op bekwame wyse as hoof gedien. Sonder die naam van John van der Walt, die strenge skoolmeester, die briljante onderwysman en die vegter vir C.N.O. te noem, kan die

/geskiedenis...140

1) Notule van die Sub-Kommissie van die Algemene Vergadering van die Kaapkolonie, 20/6/18, art. 2.

geskiedenis van die C.N.O.-skole nie vertel word nie, en wil ons graag hiermee sy nagedagtenis ook in herinnering roep.

In 1920 is hy bevorder tot inspekteur van skole in Kaapland. Terwyl hy met inspeksie by die Steynsburgse Opleidingskollege besig was, is hy in 1931 op betreklik jeugdige leeftyd oorlede.

(b) Verwikkelinge na Van der Walt se vertrek.

Na die vertrek van Van der Walt in Junie 1918 word J.H. Aucamp, wat destyds gedien het in die personeel van die Normaal, benoem tot hoof van die inrigting,¹⁾ terwyl J.A. Pretorius, lid van die personeel van die Gimnasium, tydelik administratiewe hoof van dié skool geword het. Wat die administratiewe werk betref is die twee inrigtings dus in hierdie stadium geskei.

Ons moet, op grond van maatreëls deur die Sub-kommissie getref, aanneem dat die verhouding tussen die hoof van die inrigting en die administratiewe hoof van die Gimnasium uiters moeilik was. Omdat hul terreine van gesag en plig nie duidelik afgebaken was nie, kon en het dit seker dikwels gebeur dat daar botsings moes plaasvind. Hulle het seker nie aldae geweet waar die een se plig ophou en waar die ander s'n begin nie, of waar die een se gesag geld en die ander s'n nie. Daarom dat die Sub-Kommissie dit goed gedink het om die verhouding tussen die twee hoofde, met die duidelike bepaling van elkeen se magte en pligte, in besonderhede te omskryf. Die twee hoofde wat in Junie 1918 diens aanvaar het, sou hul pligte moes uitvoer volgens die bepalinge soos neergelê deur die Sub-Kommissie.¹⁾

Die „Rektor“ van die Normaal sou nog beheer oor die hele inrigting hê, terwyl die administratiewe hoof van die Gimnasium die rol van vise-hoof sou vervul. Hoewel administratief geskei, word die eenheid van die inrigting nog gehandhaaf in die een hoof en deur die bepaling dat die twee inrigtings gesamentlik sou sluit en heropen.

1) Kyk Bylaag C vir die verhouding tussen die twee inrigtings en hulle hoofde soos goedgekeur deur die Sub-Kom., 5/4/18.